Bybel vir Kinders

bied aan

Daniel en die Eienaardige Droom



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Jonathan Hay
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Aangepas deur: Mary-Anne S.

Storie 32 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Koning Nebukadnésar het 'n droom gehad en hierdie droom het hom verskriklik gepla. Deur God se krag was Daniël in staat om die koning te vertel wat sy droom beteken.



Die eerste ding wat Daniël gedoen het was om die droom presies te beskryf. "Jy het 'n reuse standbeeld gesien O Koning, sy voorkoms was asemrowend!"

"Die standbeeld se kop is gemaak van goud," het Daniel voortgegaan.



3

"Die bors en arms is gemaak van silwer."



4

"Die maag en bobene is gemaak van brons."



5

"Die bene is gemaak van yster, sy voete gedeeltelik van yster en klei."



6

Nadat hy die beeld beskrywe het aan die koning het Daniël hom die res van die droom vertel.

7

"U het gekyk terwyl 'n klip uitgesny word sonder die gebruik van hande," het Daniel aan die koning gesê.



8

"Die klip het die beeld op sy voete van yster en klei getref en dit in klein stukkies gebreek."

9

"Die standbeeld is vergruis tot stof en het weggewaai." Daniel het gestop. "Die klip het gegroei en 'n groot berg geword wat die aarde gevul het."



10

Die koning was verstom. Dit was presies wat hy gedroom het! Hoe kon Daniel dit weet? God het vir Daniël gesê. Daniël het koning Nebukadnesar begin vertel wat die droom beteken.



11

"Die God van die hemel het aan u 'n koningkryk, mag, krag en glorie gegee,"

het Daniël vir die koning gesê. "U is die hoof van goud."

12

Daniel het vir die koning gesê sy goue koninkryk sou eindig. Die silwer deel van die standbeeld het beteken dat 'n swakker koninkryk sal sy plek inneem.



KONINGKRYK 1

KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3

KONINGKRYK 4

13

Die brons het beteken nog 'n koninkryk. Die yster en klei staan vir 'n vierde koninkryk.



KONINGKRYK 1

KONINKRYK 2

KONGINGKRYK 3

KONINGKRYK 4

14

Die laaste ding wat Daniël aan die koning gesê het was "Die God van die hemel sal'n koninkryk oprig wat in ewigheid nie vernietig sal word nie."

15

Die koning het geweet dat net God Daniël die wysheid kon gee om sy droom te verstaan. Nebukadnésar het Daniël beloon met rykdom en hom 'n baie belangrike man gemaak in die koninkryk.

16

Koningkryke 1, 2, 3 het gekom en gegaan.

God se koninkryk gaan kom na koninkryk 4.

17



Die Messias sal op die aarde regeer.

Dit kan binnekort wees!

18

Daniel en die Eienaardige Droom

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Daniël 2

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!